**3 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 121 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 121:7, 8**

## Waarborg op die trekpad

Hierdie bedevaartslied is deur die verbondsvolk van die Ou Testament gesing terwyl hulle vir die jaarlikse feeste na Jerusalem toe deur die boomryke heuwels van Juda opgetrek het. Bewus van die gevare van die pad soek hulle na die berge as bondgenote teen hulle vyande. Dan volg ’n verklaring wat van gelowige insig getuig – “Ons hulp kom van ons Verbondsgod, die HERE!” Nie die berge nie, maar die *Skepper* van die berge!
Hierdie insig is vir die verbondsvolk van die Nuwe Testament, almal saam en elkeen afsonderlik, van die uiterste belang. Elke gelowige kind van God en mede-erfgenaam van Christus (Rom. 8:17) is daagliks op die trekpad. Benewens ons daaglikse reise na verskillende bestemmings op aarde, is ons ook op die pelgrimspad na die ewige land Kanaän en die Nuwe Jerusalem anderkant die graf en die dood.
As u vandag aan die begin van die tradisionele vakansiemaand moeg en gedaan is – al die sosiale verpligtings van die samelewing, lang ure bestee aan voorbereiding en skryf van eksamens, verhuising na ’n nuwe werk en ’n ander gemeente – ... as dit voel asof u op reis is na nêrens, sing dan hierdie bedevaartslied. Hy wat ons beskerm, slaap nooit nie:
*Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.*
Dit wil sê tot in alle ewigheid! Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. Hierdie waarheid word in Openbaring 7 bevestig: “... die son sal hulle nie brand nie en ’n hittegloed ook nie ... en God sal al die trane van hulle oë afdroog.”

*Sing: Psalm 121:4 (1936)   Ds. FJ du T Lessing (Emeritus)*